MM-27

RGN
HSRC

# die loonstruktuur van hooggekwalifiseerde blanke werknemers soos op 1 maart 1971

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

001.3072068 HSRC
MM 27

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 28831

Telegramme: RAGEN



President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall



BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN
RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC
HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC


**Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

**Funksie van die RGN**

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

001316

*SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING*

# *DIE LOONSTRUKTUUR VAN HOOGGEKWALIFISEERDE BLANKE WERKNEMERS SOOS OP 1 MAART 1971*

*F. BOSHOFF, B.Comm. (Hons.), B.Ed.*

*INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING*

*DIREKTEUR: W. VERHOEF*

*PRETORIA*

*1971*

Verslag nr. MM-27

0000441816

2844363866

Kopiereg Voorbehou

Available in English

001.3072068 HSRC MM 27

*041181*


groep werkers, sê byvoorbeeld alle landmeters in diens van die staat, dui daarop dat 50 persent van hulle meer, en 50 persent van hulle minder as die aangeduide mediaanloon verdien (kyk ook figuur 3.1).

## 3.8 EERSTE KWARTIEL ($Q_1$) EN DERDE KWARTIEL ($Q_3$)

Die eerste en derde kwartiele is twee statistiese begrippe wat 'n aanduiding verskaf van die wyse van verspreiding van 'n groep waarnemings rondom 'n bepaalde middelwaarde, die mediaan. In hierdie verslag byvoorbeeld sal die eerste kwartiel ($Q_1$) van die loon van 'n bepaalde groep werkers aandui dat 25 persent van die groep minder en 75 persent van die groep meer as die $Q_1$-loon ontvang. Die derde kwartiel ($Q_3$) van die groep se loon sal aandui dat 75 persent van die groep minder en 25 persent van die groep meer as die $Q_3$-loon verdien. Dit beteken ook dat 50 persent van die groep werkers meer as die $Q_1$-loon maar minder as die $Q_3$-loon verdien. Skematies kan dit soos volg voorgestel word.

FIGUUR 3.1

LOONSKAAL




## 4 HOE VERTEENWOORDIGEND IS DIE ONDERSOEKGROEP

Voordat die bevindings van 'n ondersoek wat met behulp van 'n steekproef uitgevoer is as betroubaar beskryf kan word, is dit nodig om te bewys dat die steekproef of ondersoekgroep 'n verteenwoordigende groep van die universum is. Dit is egter duidelik dat 'n steekproef of ondersoekgroep slegs met die universum vergelyk kan word indien die eienskappe van die universum wat met dié van die ondersoekgroep vergelyk moet word, bekend is. In hierdie ondersoek word daar egter gewerk met 'n steekproef wat getrek is uit 'n universum waarvan sommige van die eienskappe onbekend is.

Die ondersoekgroep bestaan naamlik uit 14 291 ekonomies bedrywige hooggekwalifiseerde Blankes wat jonger as 66 jaar is. Die groep is, soos in paragraaf 2 verduidelik is, getrek uit 'n groep van ongeveer 102 000 hooggekwalifiseerde Blankes wat jonger as 66 jaar is en wat nog nie met pensioen uit diens getree het nie. Die groep van 102 000 hooggekwalifiseerde Blankes sluit egter 'n onbekende aantal hooggekwalifiseerde huisvroue in waarvan nie een by die ondersoek betrek kon word nie, omdat hulle nie ekonomies bedrywig is nie en dus geen loon of netto wins ontvang nie.

Die werklike universum van hierdie ondersoek is dus alle ekonomies bedrywige hooggekwalifiseerde Blankes wat jonger as 66 jaar is. Aangesien die meeste van die universum se eienskappe egter onbekend is en die ondersoekgroep dus nie met hulle vergelyk kan word nie, sal die ondersoekgroep met die 66 555 hooggekwalifiseerde Blankes wat jonger as 66 is, nog nie met pensioen uit diens getree het nie en wat op die Nasionale Register vir Natuur- en Geesteswetenskaplikes geregistreer is, vergelyk word. (Die laasgenoemde groep van 66 555 hooggekwalifiseerdes sal voortaan die "Nasionale Registergroep" genoem word.)

Oor die verteenwoordigendheid van die Nasionale Register vir Natuur- en Geesteswetenskaplikes as sodanig, sal ook binnekort verslag gedoen word. In hierdie stadium kan net vermeld word dat die Nasionale Register volgens voorlopige ontledings in 'n hoë mate verteenwoordigend van alle gegradueerdes in die land is.

Wanneer die ondersoekgroep egter met die Nasionale Registergroep vergelyk word (66 555), moet dit voortdurend in gedagte gehou word dat die Nasionale Registergroep nie die werklike universum is nie en dat die twee groepe in sommige opsigte noodwendig van mekaar sal verskil. Hierdie verskille sal by die beoordeling van die verteenwoordigendheid van die ondersoekgroep in gedagte gehou moet word.

Daar bestaan weinig rede om te aanvaar dat die ekonomies bedrywige hooggekwalifiseerde Blankes onder 66 jaar geografies anders oor die land heen versprei sal wees as wat alle hooggekwalifiseerde Blankes wat jonger as 66 jaar is oor die land heen versprei sal wees. In tabel 4.1 word die geografiese verspreiding van die ondersoekgroep met dié van die Nasionale Registergroep vergelyk.

TABEL 4.1

GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Provinsie/gebied | Nasionale Register | | Ondersoekgroep | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Kaapprovinsie | 18034 | 27,1 | 3764 | 26,3 |
| Natal | 7406 | 11,1 | 1670 | 11,7 |
| Transvaal | 35157 | 52,8 | 7567 | 53,0 |
| Oranje-Vrystaat | 4738 | 7,1 | 1000 | 7,0 |
| Suidwes-Afrika | 1220 | 1,8 | 290 | 2,0 |
| TOTAAL | 66555 | 100 | 14291 | 100 |

$X^2$ = 10,370

p = 18,465 by die 0,1% peil.

Die $X^2$ en p waardes van tabel 4.1 dui daarop dat die ondersoekgroep op die 0,1 persent peil van betroubaarheid beskou kan word as 'n verteenwoordigende steekproef van die Nasionale Registergroep.

Aan die ander kant bestaan daar weinig rede om te aanvaar dat die geslagsverdeling van die ondersoekgroep gunstig sal vergelyk met die geslagsverdeling van die Nasionale Registergroep. Die rede hiervoor is die feit dat baie hooggekwalifiseerde vroue in die kindergeboorte-ouderdom wat by die Nasionale Registergroep ingesluit is, nie ekonomies bedrywig is nie en dus nie by die ondersoekgroep ingesluit kon word nie. In tabel 4.2 word die geslagverdeling van die ondersoekgroep met dié van die Nasionale Registergroep vergelyk.

TABEL 4.2

ONTLEDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG

| Geslag | Nasionale Register |  | Ondersoekgroep |  |
|---|---|---|---|---|
|  | N | % | N | % |
| Manlik | 50536 | 75,9 | 12512 | 87,6 |
| Vroulik | 16019 | 24,1 | 1779 | 12,4 |
| TOTAAL | 66555 | 100 | 14291 | 100 |

Soos verwag kan word, is die persentasie vroue in die Nasionale Register= groep (24,1%) blykens tabel 4.2 baie groter as die persentasie vroue (12,4%) in die ondersoekgroep.

Van bogenoemde persentasies kan met veiligheid afgelei word dat die onder= soekgroep op grond van geslagsverdeling waarskynlik meer verteenwoordigend van die universum is as wat die Nasionale Registergroep is.

Aangesien die ondersoekgroep minder vroue in die kindergeboorte-ouderdomme (25 jaar tot 34 jaar) as die Nasionale Registergroep bevat, kan verwag word dat die ondersoekgroep en veral die jonger helfte daarvan, ouer sal wees as die Nasionale Registergroep. In tabel 4.3 word die ouderdomsverspreiding van die twee groepe met mekaar vergelyk.

TABEL 4.3

OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Groep | N | Ouderdom |  |  |
|---|---|---|---|---|
|  |  | $Q_1$ | Me | $Q_3$ |
| Nasionale Registergroep | 66555 | 29,8 | 38,4 | 48,8 |
| Ondersoekgroep | 14291 | 30,9 | 39,5 | 49,2 |

Blykens tabel 4.3 is die ondersoekgroep se $Q_1$- en mediaanouderdomme elk 1,1 jaar en die $Q_3$-ouderdom 0,4 jaar ouer as dié van die Nasionale Register= groep. Die feit dat die ondersoekgroep, soos wat verwag is, effens ouer as die Nasionale Registergroep is, dui dus daarop dat die kanse goed is dat die ondersoekgroep se ouderdomstruktuur nie noemenswaardig van dié van die univer= sum sal verskil nie.

In tabelle 4.4 en 4.5 word die kwalifikasiestruktuur van die ondersoek= groep met dié van die Nasionale Registergroep vergelyk.

Aangesien dit bekend is dat sekere studierigtings soos onderwys, lettere, sosiale werk, huishoudkunde en biblioteekwese meer deur vroue as deur mans ge= volg word en daar 'n kleiner persentasie vroue in die ondersoekgroep en univer= sum is as in die Nasionale Registergroep, kan dit verwag word dat die persen= tasie hooggekwalifiseerdes in die ooreenstemmende kwalifikasierigtings in die ondersoekgroep en universum laer sal wees as die persentasie in die Nasionale Registergroep.

Aan die ander kant is dit eweneens bekend dat meer mans as vroue sekere studierigtings soos ingenieurswese, argitektuur, ekonomie, handel, bestuurs= wese, militêre wetenskap en teologie volg, en gevolglik kan daar verwag word dat die persentasie hooggekwalifiseerdes in dié rigtings in die ondersoekgroep en universum hoër sal wees as in die Nasionale Registergroep omdat daar 'n gro= ter persentasie mans in die ondersoekgroep as in die Nasionale Registergroep is

TABEL 4.4

ONTLEDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS KWALIFIKASIERIGTING

| Kwalifikasierigting | Nasionale Register | | Ondersoekgroep | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Medies en snykunde | 5623 | 8,7 | 1297 | 9,1 |
| Tandheelkunde | 807 | 1,2 | 191 | 1,3 |
| Ingenieurswese | 7792 | 11,7 | 1997 | 14,0 |
| Regte | 3482 | 5,2 | 777 | 5,4 |
| Aptekerswese | 1870 | 2,8 | 425 | 3,0 |
| Stads- en streeksbeplanning + landmeetkunde | 550 | 0,8 | 159 | 1,1 |
| Argitektuur, bourekenkunde + hoeveelheidsopname | 1771 | 2,7 | 435 | 3,0 |
| Veeartsenykunde | 370 | 0,6 | 91 | 0,6 |
| Biblioteekwese | 566 | 0,9 | 73 | 0,5 |
| Ekonomie, handel, geldwese, bestuur, administrasie ens. | 8541 | 12,8 | 2287 | 16,0 |
| Suiwer natuurwetenskaplik (plant + dierkunde, chemie, fisika ens.) | 7014 | 10,5 | 1458 | 10,2 |
| Landbou, bosbou, grondbewaring | 2042 | 3,1 | 521 | 3,6 |
| Huishoudkunde en voedseltegnologie | 324 | 0,5 | 31 | 0,2 |
| Paramedies | 569 | 0,9 | 55 | 0,4 |
| Sosiologie en sosiale of maatskap= like werk | 1487 | 2,2 | 184 | 1,3 |
| Staatswetenskappe en Bantoeadministrasie | 399 | 0,6 | 92 | 0,6 |
| Militêr | 93 | 0,1 | 25 | 0,2 |
| Teologie | 1243 | 1,9 | 318 | 2,2 |
| Onderwys en opvoedkundig | 10195 | 15,3 | 1923 | 13,5 |
| Lettere en wysbegeerte, sielkunde, kunste ens. | 11617 | 17,5 | 1952 | 13,7 |
| TOTAAL | 66555 | 100 | 14291 | 100 |

TABEL 4.5

ONTLEDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL

| Kwalifikasiepeil | Nasionale Register | | Ondersoekgroep | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Diploma gelykwaardig aan 'n B-graad | 5628 | 8,5 | 1357 | 9,5 |
| B-graad | 30682 | 46,1 | 6102 | 42,7 |
| B-graad plus nagraadse diploma | 10166 | 15,3 | 1833 | 12,8 |
| B (Hons)-graad | 7889 | 11,9 | 1757 | 12,3 |
| M-graad plus gelykwaardige diplomas | 9485 | 14,3 | 2520 | 17,6 |
| D-graad plus gelykwaardige diplomas | 2705 | 4,1 | 722 | 5,1 |
| TOTAAL | 66555 | 100 | 14291 | 100 |

Verder is dit bekend dat meer mans as vroue M- en D-grade verwerf. Van die 10164 houers van M- en D-grade op die Nasionale Register is 89,1 persent mans en 10,9 persent vroue. Gevolglik kan verwag word dat die persentasie van die ondersoekgroep wat oor M- en D-grade beskik, groter sal wees as die persentasie van die Nasionale Registergroep wat oor M- en D-grade beskik.

Uit die Nasionale Register-ontledings blyk dat die diplomas wat gelykwaardig aan 'n B-graad geag word, hoofsaaklik diplomas in ingenieurswese, argitektuur, handel, landmeetkunde, aptekerswese en regte is. Dit is almal studierigtings wat meer deur mans as deur vroue gevolg word. Omdat die ondersoekgroep 'n groter persentasie mans as die Nasionale Registergroep insluit, kan verwag word dat die ondersoekgroep 'n groter persentasie houers van sulke diplomas sal insluit as die Nasionale Registergroep.

In tabelle 4.4 en 4.5 kan gesien word dat die ondersoekgroep aan al vier die voorgenoemde verwagtings voldoen. Daaruit kan afgelei word dat die ondersoekgroep 'n beter gestratifieërde steekproef van die universum van ekonomies bedrywige hooggekwalifiseerde Blankes onder 66 jaar is, as wat die Nasionale Registergroep is. Verder dui die werklike grootte van die ondersoekgroep (14 291) en die feit dat dit meer as 14,0 persent van die universum verteenwoordig, saamgelees met die feit dat die stratifikasie van die ondersoekgroep oënskynlik net so is as wat dit verwag kan word om te wees, daarop dat die resultate van die ondersoek in 'n baie hoë mate betroubaar is.

In 'n volgende verslag oor hierdie onderwerp sal die bogenoemde vergelykingsprobleme uitgeskakel word deur afsonderlik ondersoek in te stel na die verteenwoordigendheid van die manlike en vroulike ondersoekgroepe.

## 5 LOONSTRUKTUUR VOLGENS WERKGEWER

In tabel 5.1 en figuur 5.1 word die 14 291 hooggekwalifiseerde werkers se loonstruktuur volgens tipe werkgewer ontleed (kyk vraag 2 bylae A).

TABEL 5.1

LOONSTRUKTUUR VOLGENS TIPE WERKGEWER OP 1 MAART 1971
Rand per jaar

| Tipe werkgewer | Loonstruktuur | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | | | | Vroue | | | | |
| | N | % | $Q_1$ | Mediaan | $Q_3$ | N | % | $Q_1$ | Mediaan | $Q_3$ |
| Selfgeëmplojeer | 3098 | 24,76 | 8279 | 12082 | 16156 | 91 | 5,11 | 4097 | 7050 | 11125 |
| Staat of provinsiale administrasie | 3188 | 25,48 | 5223 | 6464 | 7725 | 1022 | 57,45 | 3250 | 3970 | 4993 |
| Plaaslike owerheid | 446 | 3,57 | 6044 | 7052 | 8122 | 56 | 3,15 | 2722 | 3346 | 4437 |
| Semi-staats, staatsbeheerde of staatsondersteunde organisasie | 1790 | 14,30 | 5094 | 6718 | 8210 | 308 | 17,31 | 3117 | 4011 | 5333 |
| Private sektor | 3990 | 31,89 | 4967 | 6736 | 8969 | 302 | 16,98 | 2453 | 3307 | 4559 |
| TOTAAL | 12512 | 100 | 5457 | 7237 | 10032 | 1779 | 100 | 3148 | 3895 | 5087 |


Dit is blykens tabel 5.1 en figuur 5.1 veral opvallend dat die selfgeëmplojeerde werkers se vergoeding (netto wins) baie hoër is as dié van werknemers. Daar moet egter onthou word dat 'n selfgeëmplojeerde werker terselfdertyd ook ondernemer is en dat sy netto wins dus nie net loon is nie. Dit sluit ook in sy ondernemersloon en risikopremie. Die bedrae wat in tabel 5.1 verskyn as loon of netto wins van selfgeëmplojeerde werkers kan dus, streng gesproke, nie sonder meer met dié van werknemers vergelyk word nie. Om dié rede word selfgeëmplojeerde werkers in die res van hierdie verslag buite rekening gelaat.

Uit tabel 5.1 en figuur 5.1 is dit verder ook opvallend dat die mediaanloon van die manlike werknemers van plaaslike owerhede hoër is as die mediaanloon van alle ander groepe werknemers, terwyl die verskil tussen die mediaan=

FIGUUR 5.1

LOONSTRUKTUUR VOLGENS TIPE WERKGEWER OP 1 MAART 1971

Rand per jaar



loon van manlike en vroulike werknemers in die geval van plaaslike owerhede groter is as die van enige ander groep werknemers.

Blykens tabel 5.1 is die vroulike werknemers van die private sektor die swaksbesoldigde groep hooggekwalifiseerde werkers.

Dit wil voorkom asof die $Q_1$-loon en die mediaanloon wat die drie owerheidsektore (Staat en provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en semi-staatsondernemings, staatsbeheerde of staatsondersteunde organisasies) aan hul werknemers betaal, heeltemal goed vergelyk met dié wat die private sektor se werknemers verdien. Dit is veral die geval as die groter mate van beroepsekuriteit wat die werknemer van die owerheidsektor geniet in gedagte gehou word. Die drie owerheidsektore se $Q_3$-loon vir mans is egter heelwat laer as dié van die private sektor.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die owerheidsektore 'n mededingende nominale loon aan hul manlike werknemers in die laer range betaal, terwyl hul manlike werknemers in die hoër range se nominale loon nie heeltemal met dié van die private sektor kan meeding nie.

Dit is ook opvallend dat waar die loonstruktuur van manlike werknemers van die drie owerheidsektore met een uitsondering swakker is as dié van manlike werknemers van die private sektor, vroulike werknemers van die drie owerheidsektore deurgaans beter besoldig word as vroulike werknemers van die private sektor.

Dit is blykens tabel 5.1 en figuur 5.1 duidelik dat sowel die loon van vroulike werknemers en die inkomste van vroulike selfgeëmplojeerdes aansienlik laer is as dié van mans. Die rede daarvoor moet onder andere by faktore soos ouderdoms- en ervaringsverspreiding en die kwalifikasie- en beroepstruktuur van die vroulike werkersgroep gesoek word. (Kyk par. 8 tot 13).

6 LOONSTRUKTUUR VOLGENS BEDRYFSTAK VAN WERKGEWER

In tabel 6.1 en figure 6.1 en 6.2 word die loonstruktuur van hooggekwalifiseerde werknemers volgens die bedryfstak van hul werkgewers ontleed (Kyk vraag 5 van die bylae).

Een van die opvallende verskynsels in tabel 6.1 en figuur 6.1 is die groot verskil wat daar in sommige sektore soos onder andere elektrisiteit, gas en water.vervoer en kommunikasie en professionele dienste tussen die loonstruktuur van die owerheidsektor en die private sektor bestaan.

Tweedens is dit ook opvallend dat die owerheidsektor se loonstruktuur in sommige bedryfstakke soos finanswese en die persoonlike en gemeenskapsdienste aanmerklik beter is as dié van die private sektor terwyl dit in ander bedryfstakke soos landbou, bosbou en visserye, vervoer en kommunikasie, mynbou, elektrisiteit, gas en watervoorsiening weer aanmerklik swakker is as dié van die private sektor.

By die beoordeling van die loonpeile in tabel 6.1 en die opmerkings hierbo moet egter in gedagte gehou word dat die getal respondente in sommige van die groepe relatief klein is.

TABEL 6.1

LOONSTRUKTUUR VOLGENS BEDRYFSTAK VAN WERKGEWER 1 MAART 1971
Rand per jaar
MANS


| Bedryfstak van werkgewer | Loonstruktuur | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Private sektor | | | | Owerheidsektor | | | |
| | N | $Q_1$ | Me= diaan | $Q_3$ | N | $Q_1$ | Me= diaan | $Q_3$ |
| Bosbou, landbou en visvangs | 147 | 4706 | 5937 | 7958 | 312 | 4127 | 5194 | 6780 |
| Mynbou | 403 | 6277 | 7861 | 10231 | 31 | 5187 | 7750 | 9708 |
| Elektrisiteit, gas en water | 27 | 6687 | 9250 | 12125 | 199 | 5670 | 7305 | 8244 |
| Bou en konstruksie | 244 | 6472 | 8125 | 10500 | 58 | 6750 | 7875 | 8562 |
| Fabriekswese | 1116 | 5958 | 7433 | 9390 | 181 | 5479 | 7159 | 8644 |
| Vervoer, berging en kommunikasie | 40 | 6166 | 8000 | 11500 | 261 | 5362 | 7577 | 8553 |
| Handel | 417 | 5654 | 7369 | 9422 | 5 | | | |
| Finanswese | 316 | 5108 | 7060 | 10576 | 36 | 6125 | 8000 | 10666 |
| Professionele dienste | 704 | 4413 | 6065 | 7472 | 703 | 6125 | 7486 | 8812 |
| Ander persoonlike dienste | 462 | 3629 | 4346 | 5217 | 14 | 4375 | 5333 | 6750 |
| Beskermingsdienste | 2 | | | | 83 | 4237 | 5250 | 7270 |
| Ander gemeenskapsdienste | 30 | 4350 | 5000 | 5875 | 3536 | 5225 | 6462 | 7529 |
| Ander | 82 | 5187 | 6666 | 8625 | 5 | | | |
| TOTAAL | 3990 | 4967 | 6736 | 8969 | 5424 | 5236 | 6572 | 7931 |
| | VROUE | | | | | | | |
| Bosbou, landbou en visvangs | 5 | | | | 28 | 2722 | 3200 | 5500 |
| Mynbou | 19 | 3187 | 4250 | 8125 | 2 | | | |
| Elektrisiteit, gas en water | | | | | 2 | | | |
| Bou en konstruksie | 6 | | | | 2 | | | |
| Fabriekswese | 43 | 2812 | 3472 | 5625 | 4 | | | |
| Vervoer, berging en kommunikasie | 4 | | | | 12 | 3100 | 3400 | 3833 |
| Handel | 38 | 2350 | 3277 | 4375 | | | | |
| Finanswese | 25 | 2604 | 3187 | 3875 | 2 | | | |
| Professionele dienste | 88 | 2545 | 3375 | 4625 | 199 | 3345 | 4720 | 6875 |
| Ander persoonlike dienste | 33 | 2069 | 2562 | 3475 | 5 | | | |
| Beskermingsdienste | | | | | 6 | | | |
| Ander gemeenskapsdienste | 20 | 2333 | 3000 | 4000 | 1119 | 3221 | 3905 | 4858 |
| Ander | 21 | 2281 | 3437 | 4458 | 4 | | | |
| TOTAAL | 302 | 2453 | 3307 | 4559 | 1386 | 3216 | 3959 | 5016 |

FIGUUR 6.1

LOONSTRUKTUUR VOLGENS BEDRYFSTAK VAN WERKGEWER OP 1 MAART 1971

Rand per jaar

(MANS)




FIGUUR 6.2

LOONSTRUKTUUR VOLGENS BEDRYFSTAK VAN WERKGEWER OP 1 MAART 1971

Rand per jaar

(VROUE)



## 7 DIE GEOGRAFIESE LOONSTRUKTUUR

In tabel 7.1 en figure 7.1 en 7.2 word die geografiese loonstruktuur van die hooggekwalifiseerde werknemer ontleed.

'n Opvallende verskynsel wat uit tabel 7.1 en figuur 7.1 blyk, is die feit dat manlike werknemers van die owerheidsektor in Transvaal en in Suidwes-Afrika se mediaanloon laer is as dié van manlike werknemers van die private sektor, terwyl die mediaanloon van manlike werknemers van die owerheidsektor in die Kaapprovinsie, Oranje-Vrystaat en in Natal weer hoër is as dié van manlike werkers in die private sektor. Daarteenoor is die $Q_3$-loon van slegs die man= like werknemers van die owerheidsektor in Pretoria en Bloemfontein hoër as dié $Q_3$-loon van manlike werknemers in die private sektor.

In die geval van vroulike werknemers is die owerheidsektor se loonstruk= tuur blykens tabel 7.1 en figuur 7.2 in alle opsigte en op alle gebiede beter as dié van die private sektor.

'n Ander opvallende verskynsel is die feit dat manlike werknemers van die Witwatersrand baie meer verdien as manlike werknemers in Pretoria terwyl daar nie veel verskil is tussen die loonstrukture van vroulike werknemers aan die Witwatersrand en in Pretoria nie (kyk tabel 7.1 en figure 7.1 en 7.2).

In dié verband is dit interessant om daarop te let dat ongeveer die helf= te van die 87 000 gegradueerdes op die Nasionale Register in die Transvaal woon. Van die aantal gegradueerdes wat in Transvaal woon, woon ongeveer een derde in Pretoria, ongeveer een derde in Johannesburg en ongeveer een derde in die res van Transvaal.

## 8 LOONSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE

In tabel 8.1 en figure 8.1 en 8.2 word die loonstruktuur van hooggekwali= fiseerde werknemers volgens beroepsfunksie ontleed (kyk vraag 4 van Bylae A).

Soos verwag kon word, blyk uit tabel 8.1 en figure 8.1 en 8.2 dat die be= oefenaars van die beroepsfunksie bestuur en administrasie in sowel die ower= heidsektor as die private sektor aansienlik beter besoldig word as die beoefe= naars van al die ander beroepsfunksies.

'n Tweede opvallende kenmerk van die beroepsfunksie-loonstruktuur is die feit dat die owerheid sy manlike werknemers in sommige beroepsfunksies, te wete beplanning en ontwerp, onderwys en opleiding, produksie en inspeksie, en konsultasie, advisering en dienslewering beter besoldig as wat die private sektor syne besoldig wat dieselfde beroepsfunksies beoefen, terwyl die besol= digingspatroon van die twee sektore in twee ander beroepsfunksies, te wete be= stuur en administrasie en navorsing en ontwikkeling net mooi andersom is.

Die beroepsfunksiegroep wat in die owerheidsektor die swakste besoldig word, is "navorsing en ontwikkeling" terwyl "onderwys en opleiding" die swaks= besoldigde groep in die private sektor is.

Soos reeds gesien (kyk par. 5, 6 en 7), besoldig die private sektor sy vroulike werknemers feitlik deurgaans swakker as wat die owerheidsektor se vroulike werknemers besoldig word. In die lig van bogenoemde is dit opvallend dat die private sektor volgens tabel 8.1 en figuur 8.2 beter lone betaal aan vroulike werknemers wat die twee beroepsfunksies bestuur en administrasie en navorsing en ontwikkeling beoefen as wat die owerheidsektor aan sulke werkne= mers betaal.

TABEL 7.1

DIE GEOGRAFIESE LOONSTRUKTUUR OP 1 MAART 1971


Rand per jaar

MANS

| Gebied | Loonstruktuur | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Private sektor | | | | Owerheidsektor | | | |
| | N | $Q_1$ | Me= diaan | $Q_3$ | N | $Q_1$ | Me= diaan | $Q_3$ |
| Kaapstad en Bellville | 526 | 4765 | 6352 | 8273 | 481 | 5437 | 6761 | 8112 |
| Port Elizabeth en Uitenhage | 136 | 4375 | 6346 | 8250 | 138 | 5062 | 6423 | 7446 |
| Oos-Londen | 29 | 4225 | 6125 | 7937 | 45 | 5062 | 6575 | 7593 |
| Kimberley | 14 | 5750 | 7166 | 8250 | 28 | 5250 | 6625 | 7500 |
| Kaapprovinsie | 994 | 4372 | 6113 | 7941 | 1362 | 5219 | 6500 | 7514 |
| Durban, Inanda en Pinetown | 332 | 4937 | 6700 | 8333 | 295 | 5451 | 6803 | 8170 |
| Pietermaritzburg | 56 | 5333 | 6900 | 9500 | 151 | 5352 | 6519 | 7973 |
| Natal | 463 | 4875 | 6507 | 8185 | 580 | 5106 | 6585 | 7987 |
| Witwatersrand | 1544 | 6086 | 7798 | 10378 | 839 | 5753 | 7039 | 8433 |
| Pretoria | 302 | 4643 | 5954 | 7489 | 1381 | 5169 | 6856 | 8303 |
| Vereeniging en Vanderbylpark | 67 | 5229 | 7062 | 8812 | 85 | 6066 | 6795 | 7781 |
| Potchefstroom en Klerksdorp | 65 | 4284 | 5354 | 7843 | 155 | 4437 | 6284 | 7201 |
| Transvaal | 2289 | 5246 | 7231 | 9477 | 2889 | 5321 | 6700 | 8148 |
| Bloemfontein | 53 | 4208 | 5386 | 6958 | 235 | 4904 | 6269 | 7608 |
| Sasolburg | 27 | 5093 | 6375 | 9208 | 47 | 5375 | 6437 | 8281 |
| Odendaalsrus, Virginia en Welkom | 44 | 4666 | 6625 | 9333 | 32 | 5285 | 6500 | 7600 |
| Oranje-Vrystaat | 181 | 4508 | 5522 | 7734 | 464 | 5160 | 6333 | 7416 |
| Windhoek | 32 | 5416 | 6875 | 8500 | 80 | 4750 | 6666 | 7812 |
| Suidwes-Afrika | 63 | 4982 | 6625 | 8312 | 129 | 4602 | 6113 | 7489 |
| TOTAAL | 3990 | 4967 | 6736 | 8969 | 5424 | 5236 | 6572 | 7931 |
| | VROUE | | | | | | | |
| Kaapstad, Bellville, Simonstad | 44 | 2222 | 3071 | 3857 | 144 | 3107 | 3600 | 5277 |
| Port Elizabeth en Uitenhage | 8 | 1500 | 2125 | 2375 | 42 | 3203 | 3600 | 4406 |
| Oos-Londen | 6 | | | | 10 | 3250 | 4000 | 7250 |
| Kimberley | | | | | 14 | 3083 | 3750 | 4625 |
| Kaapprovinsie | 76 | 2107 | 3000 | 3937 | 374 | 3172 | 3804 | 4912 |
| Durban, Inanda en Pinetown | 24 | 2416 | 3250 | 4500 | 117 | 3263 | 4125 | 5234 |
| Pietermaritzburg | 2 | | | | 29 | 3525 | 4416 | 6093 |
| Natal | 29 | 2541 | 3281 | 4437 | 180 | 3297 | 4129 | 5312 |
| Witwatersrand | 128 | 2638 | 3395 | 4650 | 270 | 3242 | 4216 | 5241 |
| Pretoria | 25 | 3104 | 3750 | 4687 | 286 | 3181 | 3932 | 5206 |
| Vereeniging en Vanderbylpark | | | | | 13 | 3708 | 4625 | 5218 |
| Potchefstroom en Klerksdorp | | | | | 47 | 3239 | 3892 | 4906 |
| Transvaal | 175 | 2708 | 3463 | 4726 | 711 | 3224 | 4028 | 5086 |
| Bloemfontein | 8 | 2500 | 3000 | 3500 | 47 | 3148 | 3550 | 4656 |
| Oranje-Vrystaat | 15 | 2229 | 2583 | 3208 | 97 | 3170 | 3660 | 4534 |
| Windhoek | 4 | | | | 18 | 3416 | 4250 | 5125 |
| Suidwes-Afrika | 7 | | | | 24 | 3500 | 4200 | 5000 |
| TOTAAL | 302 | 2453 | 3307 | 4559 | 1386 | 3216 | 3959 | 5016 |

FIGUUR 7.1

DIE GEOGRAFIESE LOONSTRUKTUUR OP 1 MAART 1971
Rand per jaar
(MANS)




FIGUUR 7.2

DIE GEOGRAFIESE LOONSTRUKTUUR OP 1 MAART 1971

Rand per jaar

(VROUE)



TABEL 8.1

LOONSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE OP 1 MAART 1971
Rand per jaar
MANS

| Beroepsfunksie | Loonstruktuur | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Private sektor | | | | Owerheidsektor | | | |
| | N | $Q_1$ | Me=diaan | $Q_3$ | N | $Q_1$ | Me=diaan | $Q_3$ |
| Bestuur en administrasie | 1779 | 6485 | 8150 | 10804 | 1169 | 6389 | 7762 | 9105 |
| Navorsing en ontwikkeling | 151 | 4625 | 6010 | 7432 | 485 | 4095 | 5305 | 7195 |
| Beplanning en ontwerp | 318 | 5325 | 6661 | 7887 | 283 | 5551 | 7023 | 8035 |
| Onderwys en opleiding[1)] | 101 | 3647 | 5050 | 6097 | 2285 | 5285 | 6365 | 7162 |
| Produksie en inspeksie | 158 | 4916 | 6307 | 7187 | 101 | 5078 | 6375 | 7913 |
| Konsultasie, advisering en diens=lewering | 1125 | 4062 | 5188 | 7257 | 776 | 5305 | 6918 | 8418 |
| Ondersoek, voorspelling en verslag=gewing | 307 | 4424 | 5597 | 7120 | 241 | 4401 | 5921 | 7242 |
| Ander | 51 | 3675 | 4916 | 6203 | 84 | 4166 | 5642 | 7583 |
| TOTAAL | 3990 | 4967 | 6736 | 8969 | 5424 | 5236 | 6572 | 7931 |
| VROUE | | | | | | | | |
| Bestuur en administrasie | 50 | 3022 | 4000 | 6916 | 104 | 2850 | 4000 | 6285 |
| Navorsing en ontwikkeling | 19 | 2458 | 3625 | 4625 | 78 | 2703 | 3357 | 4361 |
| Beplanning en ontwerp | 14 | 2312 | 3250 | 4250 | 13 | 3225 | 3625 | 6437 |
| Onderwys en opleiding[1)] | 68 | 2200 | 2900 | 4000 | 67 | 3354 | 4108 | 4930 |
| Produksie en inspeksie | 11 | 2187 | 3125 | 3708 | 13 | 3031 | 3437 | 4687 |
| Konsultasie, advisering en dienslewering | 101 | 2475 | 3319 | 4579 | 250 | 2939 | 3640 | 5750 |
| Ondersoek, voorspelling en ver=slaggewing | 30 | 2550 | 3187 | 3916 | 37 | 2958 | 3386 | 5291 |
| Ander | 9 | 3312 | 3875 | 4687 | 24 | 2875 | 3285 | 4250 |
| TOTAAL | 302 | 2453 | 3307 | 4559 | 1386 | 3216 | 3959 | 5061 |

[1)] Dit is bekend dat universiteitsdosente se lone na 1 Maart 1971 maar met terugwerkende krag vanaf 1 Januarie 1971 met gemiddeld ± R900 per jaar verhoog is.


Daar moet steeds in gedagte gehou word dat loonpeil waarskynlik altyd deur meer as een faktor gelyktydig beïnvloed word terwyl daar in hierdie ont=ledings slegs op een faktor, beroepsfunksie, gelet word. So kan daar byvoor=beeld met redelike sekerheid aanvaar word dat werknemers wat hier onder die beroepsfunksie bestuur en administrasie geklassifiseer word, se aantal jare ervaring gemiddeld baie hoër sal wees as dié van persone wat in sommige van die ander beroepsfunksiegroepe geklassifiseer is.

FIGUUR 8.1

LOONSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE OP 1 MAART 1971

Rand per jaar

(MANS)




FIGUUR 8.2

LOONSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE OP 1 MAART 1971

Rand per jaar

(VROUE)



## 9 LOONSTRUKTUUR VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL

In tabel 9.1 en figure 9.1 en 9.2 word die hooggekwalifiseerde werknemers se loonstruktuur volgens kwalifikasiepeil ontleed.

TABEL 9.1

LOONSTRUKTUUR VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL OP 1 MAART 1971
Rand per jaar
MANS

| Kwalifikasiepeil | Loonstruktuur | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Private sektor | | | | Owerheidsektor | | | |
| | N | $Q_1$ | Me= diaan | $Q_3$ | N | $Q_1$ | Me= diaan | $Q_3$ |
| Diploma gelykwaardig aan 'n B-graad | 456 | 6285 | 7409 | 9250 | 219 | 6209 | 7312 | 8181 |
| B-graad | 1962 | 4635 | 6307 | 8327 | 1992 | 4631 | 6411 | 8057 |
| B-graad plus nagraadse diploma | 212 | 4208 | 5202 | 6769 | 931 | 5488 | 6391 | 7136 |
| B (Hons)-graad | 459 | 4020 | 5087 | 7053 | 861 | 4660 | 6201 | 6961 |
| M-graad plus gelykwaardige diplomas | 784 | 6606 | 8106 | 10623 | 905 | 5577 | 6855 | 8042 |
| D-graad plus gelykwaardige diplomas | 117 | 6725 | 9138 | 12159 | 516 | 6924 | 8074 | 9295 |
| TOTAAL | 3990 | 4967 | 6736 | 8969 | 5424 | 5236 | 6572 | 7931 |
| | VROUE | | | | | | | |
| Diploma gelykwaardig aan 'n B-graad | 14 | 3750 | 4500 | 4937 | 8 | 3500 | 4500 | 5500 |
| B-graad | 197 | 2434 | 3182 | 4041 | 609 | 2990 | 3351 | 4274 |
| B-graad plus nagraadse diploma | 48 | 2125 | 3250 | 4500 | 501 | 3481 | 4279 | 5078 |
| B (Hons)-graad | 28 | 2833 | 3600 | 5000 | 144 | 3464 | 4260 | 5166 |
| M-graad plus gelykwaardige diplomas | 13 | 3708 | 4875 | 6875 | 94 | 4328 | 5181 | 6750 |
| D-graad plus gelykwaardige diplomas | 2 | | | | 30 | 6035 | 6600 | 7437 |
| TOTAAL | 302 | 2453 | 3307 | 4559 | 1386 | 3216 | 3959 | 5016 |

Die mees opvallende aspek van die loonstruktuur volgens kwalifikasiepeil is volgens tabel 9.1 en figure 9.1 en 9.2 die feit dat houers van diplomas wat beskou word as gelykwaardig aan 'n B-graad soveel beter besoldig word as houers van B-grade, B (Hons.)-grade en B-grade plus nagraadse diplomas. Dit kan waar= skynlik toegeskryf word aan die besondere beroepsverspreiding van houers van diplomas wat gelykwaardig aan B-grade is. Die meerderheid daarvan is naamlik diplomas in ingenieurswese, argitektuur, landmeetkunde, handel, regte en ap= tekerswese wat almal toegang verleen tot hoog besoldigde beroepe.

Die tweede opvallende verskynsel wat in tabel 9.1 en figuur 9.1 opgemerk word, is die feit dat houers van B (Hons.)-grade die swakste besoldigde manlike groep is. Dit weer moet waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die mees= te universiteite eers redelik onlangs begin het om B (Hons.)-grade in die mees= te studierigtings toe te ken, met die gevolg dat die meeste houers van B-Hon= neursgrade waarskynlik nog relatief jonk sal wees.


Dit is ook moontlik dat die meeste B (Hons.)-grade toegeken word in stu= dierigtings wat slegs toegang verleen tot laagsbesoldigde beroepe. Hieroor sal egter eers uitsluitsel verkry word nadat die gesamentlike invloed van meer as een faktor, waarvan kwalifikasiepeil een is, ontleed word. Dit sal in 'n volgende verslag gedoen word.

FIGUUR 9.1

LOONSTRUKTUUR VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL OP 1 MAART 1971

Rand per jaar

(MANS)




FIGUUR 9.2

LOONSTRUKTUUR VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL OP 1 MAART 1971

Rand per jaar

(VROUE)



Verder is dit ook opvallend dat sowel manlike as vroulike houers van M- en D-grade, met die uitsondering van manlike houers van M-grade in diens van die owerheidsektor, beter besoldig word as ander werknemers. Op grond daarvan wil dit voorkom asof gevorderde studie tog lonend is.

## 10 LOONSTRUKTUUR VOLGENS KWALIFIKASIERIGTING

In tabel 10.1 en figure 10.1 en 10.2 word die hooggekwalifiseerde werknemers se loonstruktuur volgens kwalifikasierigting ontleed

TABEL 10.1
LOONSTRUKTUUR VOLGENS KWALIFIKASIERIGTING OP 1 MAART 1971
Rand per jaar
MANS


| Kwalifikasierigting | Loonstruktuur | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Private sektor | | | | Owerheidsektor | | | |
| | N | $Q_1$ | Mediaan | $Q_3$ | N | $Q_1$ | Mediaan | $Q_3$ |
| Medies en snykundig | 61 | 8625 | 10038 | 11916 | 448 | 6860 | 8306 | 10122 |
| Tandheelkundig | 7 | | | | 14 | 8150 | 8500 | 10125 |
| Ingenieurswese | 976 | 6316 | 7732 | 9982 | 806 | 6156 | 7504 | 8431 |
| Regte | 142 | 4281 | 6000 | 9687 | 141 | 5303 | 7250 | 9287 |
| Aptekerswese | 126 | 5416 | 6607 | 8343 | 51 | 5146 | 5423 | 6402 |
| Stads- en streeksbeplanning | 17 | 7062 | 7916 | 8937 | 59 | 6734 | 7718 | 8394 |
| Argitektuur | 81 | 6093 | 6977 | 8296 | 63 | 7152 | 8159 | 9140 |
| Veeartsenykunde | 7 | | | | 48 | 6249 | 7071 | 8100 |
| Biblioteekwese | | | | | 22 | 4687 | 6125 | 7125 |
| Ekonomie, handel, bestuur ens. | 1176 | 5361 | 7376 | 9714 | 441 | 5485 | 6929 | 8315 |
| Suiwer natuurwetenskaplik | 461 | 4935 | 6460 | 8293 | 726 | 4211 | 6014 | 7495 |
| Landbou, bosbou, grondbewaring | 124 | 4555 | 5375 | 7250 | 294 | 4250 | 5217 | 6739 |
| Huishoudkunde en voedseltegnologie | | | | | 5 | | | |
| Paramedies | | | | | 4 | | | |
| Sosiologie en sosiale werk | 19 | 3718 | 4416 | 6208 | 45 | 3781 | 5583 | 6791 |
| Staats- en publieke administrasie | 21 | 3708 | 4916 | 6937 | 68 | 5115 | 6166 | 7571 |
| Militêr | 3 | | | | 22 | 3392 | 4500 | 6083 |
| Teologie | 276 | 3705 | 4283 | 5062 | 38 | 5875 | 6833 | 8031 |
| Onderwys en opvoedkundig | 100 | 4666 | 6093 | 7166 | 1226 | 6006 | 6448 | 7125 |
| Lettere en wysbegeerte | 392 | 3838 | 5133 | 6500 | 903 | 4532 | 6121 | 7185 |
| TOTAAL | 3990 | 4967 | 6736 | 8968 | 5424 | 5236 | 6572 | 7931 |

VROUE

| Kwalifikasierigting | N | $Q_1$ | Mediaan | $Q_3$ | N | $Q_1$ | Mediaan | $Q_3$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Medies en snykundig | 4 | | | | 81 | 6236 | 8112 | 9097 |
| Tandheelkundig | | | | | | | | |
| Ingenieurswese | | | | | 4 | | | |
| Regte | | | | | 6 | | | |
| Aptekerswese | 17 | 4031 | 4550 | 4975 | 12 | 4000 | 5000 | 5300 |
| Stads- en streeksbeplanning | | | | | 2 | | | |
| Argitektuur | 4 | | | | 3 | | | |
| Veeartsenykunde | 2 | | | | 3 | | | |
| Biblioteekwese | 3 | | | | 47 | 3114 | 3750 | 5031 |
| Ekonomie, handel, bestuur ens. | 24 | 3111 | 3444 | 5000 | 26 | 3375 | 4666 | 6250 |
| Suiwer natuurwetenskaplik | 55 | 2729 | 3522 | 4406 | 142 | 3018 | 3451 | 4531 |
| Landbou, bosbou, grondbewaring | | | | | 5 | | | |
| Huishoudkunde en voedseltegnologie | | | | | 25 | 3437 | 4194 | 4875 |
| Paramedies | 9 | 2062 | 2625 | 3125 | 34 | 2821 | 3333 | 4250 |
| Sosiologie en sosiale werk | 27 | 2281 | 2875 | 3708 | 89 | 2664 | 3279 | 4109 |
| Staats- en publieke administrasie | | | | | 2 | | | |
| Militêr | | | | | | | | |
| Teologie | | | | | | | | |
| Onderwys en opvoeding | 48 | 2111 | 3166 | 4416 | 481 | 3521 | 4294 | 5078 |
| Lettere en wysbegeerte | 105 | 2366 | 3079 | 4093 | 423 | 3101 | 3440 | 4453 |
| TOTAAL | 302 | 2453 | 3307 | 4559 | 1386 | 3216 | 3959 | 5016 |

FIGUUR 10.1

LOONSTRUKTUUR VOLGENS KWALIFIKASIERIGTING OP 1 MAART 1971
Rand per jaar
(MANS)




FIGUUR 10.2

LOONSTRUKTUUR VOLGENS KWALIFIKASIERIGTING OP 1 MAART 1971

Rand per jaar

(VROUE)



Met die eerste oogopslag kom dit as baie verbasend voor dat werknemers van die private sektor wat 'n graad in die regte verwerf het, se $Q_1$- en me= diaanloon so laag is (kyk tabel 10.1 en figuur 10.1). Die verskynsel kan eg= ter waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat ingeskrewe prokureursklerke wat alreeds gegradueerd is, in werklikheid nog maar leerlingprokureurs is en dus 'n baie lae loon verdien.

Die groot verskil wat daar volgens tabel 10.1 en figuur 10.1 tussen die $Q_1$- en mediaanlone van medici in die diens van die private sektor en medici in die diens van die owerheidsektor bestaan, kan waarskynlik toegeskryf word aan die relatief lae lone wat huisdokters en nagraadse studente in diens van opleidingshospitale ontvang. Daar moet egter onthou word dat nagraadse studen= te in die ware sin van die woord studente is en dat huisdokters in werklikheid ook nog maar studente is. Sodra hulle afgestudeer is, ontvang hulle as groep, soos in tabel 10.1 gesien kan word, 'n beter loon as enige ander studierigting= groep.

Blykens tabel 10.1 en figuur 10.1 is daar ook 'n baie groot verskil tussen die lone van teoloë in diens van die private sektor en teoloë in diens van die owerheidsektor. Die verskil moet egter gesien word in die lig van die feit dat die teoloë in diens van die private sektor hoofsaaklik predikante en pries= ters is in wie se geval byvoordele wat miskien eerder as loon in natura beskryf kan word, 'n groot deel van hul beskikbare inkome uitmaak. Die teoloë in diens van die owerheidsektor sluit verder ook dosente en professore aan teologiese skole in wat baie minder byvoordele as predikante en priesters kry.

Laastens wil dit blykens tabel 10.1 en figure 10.1 en 10.2 voorkom asof die loon wat 'n werknemer wat 'n onderwys- of opvoedkundige kwalifikasie besit van die owerheidsektor ontvang, so gunstig vergelyk met die loon wat hy/sy in die private sektor kan bekom dat dit uit 'n finansiële oogpunt nie vir 'n gegra= dueerde onderwyser(es) lonend kan wees om die owerheidsektor te verlaat vir 'n betrekking in die private sektor nie. Let daarop dat die werknemers waarna hierbo verwys word in sowel die private as die owerheidsektor, nie noodwendig as onderwysers werksaam is nie. Hulle is slegs as onderwysers gekwalifiseerd.

